



Die Hervormer betree 'n nuwe era

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Wie sou voor 2020 kon dink dat ons lewens so ingrypend sou verander, dat soveel mense in 'n relatiewe kort tyd sou sterf, dat ons soveel sou moes inboet en so vreesbevange oor die toekoms sou raak?

In sy redaksionele berig van die Maart 2021-uitgawe van *Die Hervormer* (DH) skryf ds Willem Sauer: “Die pandemie raak ook die publikasie van *Die Hervormer*. Omdat daar inperkings is en die hoeveelheid mense wat 'n erediens mag bywoon beperk is, en nie alle gemeentes tans erediens het nie, gee ons tans *Die Hervormer* net elektronies uit. 'n Volledige pdf-weergawe, wat lyk net soos die gedrukte weergawe, sal ook aan predikante en gemeentes gestuur word. Ons wil tog vra dat dit na soveel mense moontlik versprei word. Die oomblik wanneer ons weer 200 mense per erediens kan akkommodeer, sal die gedrukte publikasie weer aan gemeentes versprei word.”

Ja, glanstydskrifte met baie advertensies het gesneeu, hier en daar het nuwe tydskrifte die lig gesien, en ander, soos ons eie mondstuk, moes nuwe planne bedink om te kon voortbestaan. Die nuutste uitgawe, dié van Maart 2021, is immers Nommer 10 van Jaargang 113!

Reeds sedert 2015 plaas ons al die individuele artikels van DH op die NHKA se webblad, onder meer sodat lesers artikels vir ander belangstellendes kan aanstuur. Dit het goed gewerk, alhoewel daar voortdurend gevra is of DH nie as volledige pdf beskikbaar gemaak kan word nie.

Terselfdertyd het ons ook voortgegaan om DH te druk en aan gemeentes te versprei. Dit was lekker om Sondaeoggende voor die erediens te sien hoe lidmate die papierweergawe sit en deurblaai, hoe hulle vir mekaar iets wys, miskien glimlag, soms dalk frons...

Gedurende 2020 is slegs ses van die tien uitgawes gedruk en versprei: dié van Januarie/Februarie, Maart, April, Mei, Junie en November/Desember. Vanjaar is die uitgawes van Januarie/Februarie en Maart nie gedruk nie, maar met ingang van die Maart 2021-uitgawe word DH nie net as losstaande artikels op die webblad geplaas nie, maar word die volledige pdf ook met 'n lokflits aan predikante en gemeentes gestuur, sodat hulle dit verder aan hul lidmate kan versprei, en laasgenoemde ontvangers self kan besluit of hulle op die skakel wil klik en die volledige publikasie so wil lees.

Ons besef dat ontvangers meer bandwydte gaan gebruik en dat sommige artikels moeilik op byvoorbeeld slimfone gelees kan word. Maar ons stel die pdf beskikbaar juis omdat soveel lidmate al daarvoor gevra het, en omdat dit darem steeds meer bevredigend is om die koerant te lees soos hy in totaliteit saamgestel is! Boonop beplan ons steeds om die koerant te druk sodra nog meer mense in 'n erediens bymekaar mag kom.

In die Maart 2021-uitgawe vertel verskillende predikante hoe hulle die skuif gemaak het van die kansel na die kamera. Dr Christo van der Merwe verduidelik wat die sielkundige impak van Covid-19 op mense behels, en ons kyk spesifiek na die impak op bejaardes, noodsaaklike werkers en pasiënte wat vir ander redes as Covid-19 in hospitale beland. Ons berig ook oor staatsmakers in die NHKA wat ons in die onlangse tyd ontval het.

Lesers kan ons gerus laat weet watter probleme hulle met die pdf-weergawe ervaar.

Lees die volledige elektroniese weergawe van DH van Maart 2021 steeds by <https://nhka.org/die-hervormer/>, of die pdf-weergawe [hier](#).

Lief en leed

- Ds Stephan Botha (Groot Marico) se skoonmoeder, **mev Sarie Fourie**, is op 13 Februarie oorlede na 'n motorongeluk waarin sy en haar man, **mnr Andries Fourie**, betrokke was. Mnr Fourie het ook baie seergekry en sterk tans by ds Botha-hulle aan. Hy het op 25 Februarie 80 geword, en sy vrou was in Desember 79. Hy was van 1984 tot 1989 die hoof van die Andries Hendrik Potgieter Kinderhuis in Capital Park, Pretoria. Die egpaar is dalk nog bekend onder baie van die predikante wat as studente by die Kinderhuis betrokke was. Ons innige simpatie gaan aan mev Retha Botha en haar familie oor haar moeder se afsterwe, en ons bid haar vader algehele herstel toe.



Mnr Kobus van Staden

- Baie geluk aan **mnr Kobus van Staden** (Gemeente Meyerspark) wat op 26 Februarie 'n volle 100 jaar oud geword het! Hy is op 26 Februarie 1921 in Boschkop in die Pretoria-omgewing gebore. Sy ouers, Johannes en Johanna, het op 'n plaas in die Onbekend-distrik naby Bronkhorstspruit geboer en albei 96 jaar oud geword. Hy sê: *Ek dink dit is danksy groot genade van Bo. Dat ek nooit sterk drank gebruik het nie en nooit in my lewe gerook het nie, het ook seker bygedra dat my lewe lank gehou het.* Oom Kobus woon nog in sy eie huis en is die buurman van mnr Kobus Viljoen, 'n vorige administrateur van die NHKA.

- Baie geluk aan **emerituspredikant ds Hennie en Clara Aucamp** wat op 27 Februarie hul 50ste huweliksherenking gevier het.



Ds Antionette Janse van Rensburg

- Baie geluk aan **ds A (Antionette) Janse van Rensburg** (Kapelaan/Montana) met die verwerwing van haar **PhD in Kerkgeskiedenis en Kerkreg** aan die Universiteit van Pretoria. Die titel van haar proefskrif is *Reformatoriese kerke se besluite oor homoseksualiteit kerkregtelik beoordeel*. Die graad word op 14 April vanjaar toegeken.

- Die Sinodale Dienssentrum het Vrydag 26 Februarie by die Derdepoort-kantore afskeid geneem van vyf personelede wat na jare getroue diens afgetree het. **Mnr Piet Beukes** (21 jaar), **mev Susan Moore** (12 jaar), **mnr Boy Skhosana** (± 42 jaar), mev **Lizzie Malele** (± 41 jaar) en **mev Emmah Mokgoko** (33 jaar) is almal staatmakers wat beslis gemis sal word. Ons wens hulle 'n vreedsame en geseënde rustyd toe. (Mnr Piet Beukes sal vir die volgende maande steeds betrokke wees by die NHKA se pensioensake, en mev Susan Moore by medies.)

- **Die volgende predikante verjaar tot 12 Maart 2021, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 4 Maart: Ds JLJ (Johan) Smit (68) (emeritus)
- Vrydag 5 Maart: Ds JPC (Jasper) van der Westhuizen (51) (Randfontein Midpark/Westonaria)
- Saterdag 6 Maart: Di M (Mariaan) Delpont (42) (Erasmia) en WM (Elmien) Shaw (31) (Swartkop)
- Sondag 7 Maart : Drr AC (Carel) Botma (57) (Bothaville) en DJ (Deon) du Toit (48) (beroepafwagting)
- Dinsdag 9 Maart : Di JJH (Koos) Engelbrecht (71) (emeritus) en LJ (Louw) van der Linde (52) (Evander)
- Woensdag 10 Maart: Ds TF (Thomas) Dreyer (45) (Wapadrant)
- Vrydag 12 Maart: Ds JJ (Jaco) Dreyer (61) (Bloemfontein)



Ds Anel Boshoff

Gemeentes en bediening

- **Ds AC (Anel) Boshoff** is op 10 Januarie 2021 losgemaak van Gemeente Kriel, en is nou beroepafwagting.
- **Ds CL (Nelius) van Niekerk** het 'n beroep na die NG Gemeente Oranjevallei ontvang en is op 31 Desember 2020 losgemaak van Gemeentes Outjo en Otjiwarongo.
- Die meeste van die Sinodale Dienssentrum se personeel werk tans van die huis af. Die kantore wat by die **Erfenisstigting** op die terrein van die Voortrekkermonument gehuur is, is gevolglik verminder om 'n kostebesparing vir die Kerk teweeg te bring. Voortaan sal



Ds Nelius van Niekerk

net die **Kerkargief**, die argivaris **mnr Nándor Sarkady**, en die inligtingsbeampte, **mnr Louwrens Pretorius**, nog daar gehuisves wees. **Dr Frikkie Labuschagne**, nou hoof van die Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB), sal periodiek 'n kantoor daar gebruik. Die ander kantore wat die NHKA by die Erfenisstigting beset het, word hierdie week ontruim.

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** benodig die dienste van 'n dinamiese **orrelis**. Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. Aansoeke, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, NHKA Gemeente Welgelegen-Pietersburg, by george.marais@fineandcountry.com. Oudl George Marais kan gekontak word by 083 300 0554.

Beplande vergaderings

- Dinsdag 9 Maart: Bestuurskomitee
- Donderdag 11 Maart : Kommissie van die AKV
- Vrydag 12 Maart : Kommissie van die AKV

Kerklike publikasies

- Die **Boekwinkel** by die Sinodale Dienssentrum (**Derdepoort**) is **gesluit** vir die week van **1 tot 5 Maart** vir voorraadopname.

BOEKWINKEL-PROMOSIE

The banner displays five books with their respective prices and original prices:

- Lewe op die kruis pad**: nou R50, was R96
- Jeap Durand protes-stem**: nou R90, was R175
- Jy is deel van God se plan**: nou R40, was R80
- Jong teoloë praat saam ...**: nou R100, was R150
- SKOKKEND POSITIEF**: nou R160, was R175

Below the books, there is a white mug with the NHKA logo and a price tag: nou R40, was R50.

Groot afslag op verskeie boeke
 Klik **hier** vir 'n brosjure om meer te sien
 Bestel van mev Sarie Roux by sentik@nhk.co.za

Bybelse Dagboek / Almanak 2021

The image shows the cover of the 'Bybelse Dagboek / Almanak 2021' book, which features a green and gold design with a laptop and a plant on the cover.

Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag

Bestel by sentik@nhk.co.za

Studentesake

- **Studentebehuising by Gemeente Philadelphia**. Veilige behuising is beskikbaar vir studente in 2021 op die terrein van die gemeente in Pretoria. Dit is 200 m van die UP-kampus en binne stapafstand van winkels en ander besighede. Kamers met gemeenskaplike ablusie en kombuis sowel as enkelwoonstelle is beskikbaar. Kontak Elize Fourie by nhkphiladelphia@gmail.com vir meer inligting.

'n Gedig

Pappa

My pa het oud geword
en klein en krom:
oor sy gesig en moeë lyf
is in diep lyne
die kronkel-storie
van 'n arbeidslewe
ru en stram geskryf.

My pa se woorde
is aan't verdwaal:
hy bring te dikwels
sy hande by,
laat verontwaardig
sy gedagtes
– van sin ontsê –
deur stom vingers gly.

My pa se kyk
het dof geword:
hy sien deur waas
wat vae perspektief
in die skemer van
sy gesigsveld plaas.

My pa se hande
het hul vasvat verloor,
sy knobbel-vingers
bewe as hy werk;
sy voete loop
'n skuifel-spoor,
hy staan nie meer
voor in die kerk.

Maar as hy stil
sy hande vou
en by sy
Heer gaan sit:
word hy weer regop,
weergalm sy woorde,
skyn sy oë
en als in hom
word helder en wit
– soos altyd –
as Pappa bid.

Salvia Ockhuis
(LitNet-nuusbrief 838,
24/02/2021)

Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- to 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911

Barmhartigheid

- **VAKATURE: Sekretaresse** by Rata Maatskaplike Dienste. Rata, wat al vir meer as 70 jaar maatskaplike dienste in vier provinsies lewer, benodig tans die dienste van 'n administratiewe persoon by hul Capital Park-kantoor. Die vereistes vir die pos is graad 12, 'n geldige bestuurslisensie en betroubare vervoer na die kantoor, tweetaligheid om aan die spesifieke behoeftes van die kantoor te voldoen, rekenaarvaardigheid en ervaring van boekhou en kleinkasbestuur, en die vermoë om streng vertroulikheid te handhaaf. Stuur aansoeke na info@rata.org.za.
- **Eenpersoonwoonstelle** beskikbaar by **Annie Schilz** teen R3 840 per maand (krag uitgesluit). Hierdie woonstelkompleks is geleë in 'n rustige omgewing naby hospitale en dokters. Dit is op dieselfde perseel as Ons Tuis Riviera. Verskeie dienste word gelewer teen billike tariewe. Vir meer inligting, kontak mnr Hennie van der Walt by 012 329 3707.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het twee **tweeslaapkamer-woonregeenhede** beskikbaar by Frans Boshoff: Woonstel 3 teen R485 000 en Woonstel 16 teen R439 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergewone met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoonstel te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoonstel te koop teen R560 000
Een tweeslaapkamerwoonstel te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com



Allegaartjie

“Die geskenksituasie by troues het al jare gelede begin handuit ruk. ... Jy gee iets wat jy as gepas, bekostigbaar, nodig of oorspronklik beskou, basta met die res. Die beste troues op aarde is uitmergelend ... om nog reëls en belaglike eise te stel, is absolute nonsens. Ignoreer die twak, doen jou plig en volg jou goeie instink. Swak smaak regeer die aarde, ontsnap nou! Ek hoop Covid sorg vir intieme, ontspanne, veilige en minder gulsige troues.”
(Nataniël, in *Sarie*, Maart/April 2021)

Toerusting

- **Excelsus: Paastyd**
15 en 16 Maart aanlyn, bespreek voor 11 Maart
Kreatiewe werkwinkel oor die kerkjaar
Die jaar van God se genade (Jaar B)
Aanbieder: Dr André Bartlett
Koste: R75
VBO: 20 punte

Skakel: <https://forms.gle/gfrvHHnA37bFHLjN9>

Bankbesonderhede: ABSA; naam van rekening: TSO;
rekeningnommer 142 0830 463, takkode 632005, tak Pretoria
Navrae aan Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za

- Die jaarlikse **HTK-opening** vind op **Woensdag 17 Maart** om 10:00 per Zoom plaas. Die program sien soos volg daar uit:

10:00: Opening en verwelkoming (Dr André Ungerer)

10:20: Die Kerk: Wie is ons en waarmee is ons besig? (Dr Frikkie Labuschagne)

11:20: Mededelings oor die uitbou van die HTK (Dr André Ungerer)

11:45: Mededelings rakende die Kuratorium (Dr Rudy Denton)

12:00: Afsluiting

Zoomskakel: <https://us02web.zoom.us/j/4502811960?pwd=dWRGZHpYeIbRWFp1ajQrQVV4Z0cydz09>

Wagwoord: HTK

- *Excelsus* (die *Sentrum vir Bedieningsontwikkeling* aan die Fakulteit Teologie en Religie by UP) het in 2015 begin met 'n **Sertifikaatkursus in Bedieningsontwikkeling** vir predikante in die beginfase (1-5 jaar) van hul bediening. Dit is 'n intensiewe kursus wat predikante help om op 'n dieper en meer grondige vlak georiënteer te word ten opsigte van hul bediening. Dit vorm ook deel van die verpligte drie jaar voortgesette bedieningsontwikkeling vir predikante en proponente wat pas gelegitimeer is.

Die kursus word in die formaat van *nege blokke* (van drie dae elk) oor *die loop van drie jaar* aangebied. Persone wat inskryf, verbind hulle vir die volle drie jaar van die kursus en woon drie kontaksessies per jaar by. Indien jy jou nie in dié stadium vir die volle drie jaar kan verbind nie, kan jy afsonderlik vir enkelmodules inskryf. Die koste is **R95 per module**. Betaling geskied per module, maar kan ook per jaar betaal word (dus R285). Vir **proponente en predikante in deelydse poste** is die koste **R75 per module** (R225 per jaar).

Persone wat die volle kursus voltooi, verwerf 270 VBO-punte (dus 90 punte per jaar). Vir 2021 is die beplanning dat die kursus volledig aanlyn aangebied word.

Die **drie modules** wat in **2021** aangebied word, is die volgende:

- 9-11 Maart: *Hoe hanteer ons moeilike pastorale situasies?*
- 7-9 Junie: *Hoe hanteer ons jeugwerk?*
- 2-4 November: *Hoe hanteer ons moeilike etiese kwessies?*

Kontak Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of voltooi die aanlyn inskrywingsvorm deur op hierdie skakel te klik: <https://forms.gle/cfYwfTp4gHTtPqTa7>.

Basaars

- **Gemeente Bronkhorstspuit: Saterdag 6 Maart vanaf 07:30**

Al die heerlike eetgoed van 'n basaar

Ons is bekend vir ons wors en vleis

hv Charl Cilliers en Krugerstraat

Navrae: nhbhs@nhk.co.za

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Hemelse Vader,
fluister u liefde in die harte van
alle introverte kinders.

Maak hulle sterk en standvastig –
gemaklik met wie en wat hulle is.

Gee hulle die vrede en energie
vir nodige interaksie met ander –
en die vryheid om te geniet
wie U hulle gemaak het.
Amen.

Dalene Reyburn

(Uit: *Gebede vir 'n ma se hart*,
vertaal deur Madeleen Botha,
CUM 2018)